



Goeie Genade!

Die Brief aan die Efesiërs

Reeks III – Om God se hart af te luister. Efesiërs 3:14-21

Afluister:

Het julle al ooit iemand afgeluister? Mense wat iewers agter 'n deur staan en skinder en dan gaan staan jy met jou oor teen die deur en luister waarom hulle praat? Of het jy dalk iewers by 'n groep mense verbygeloop en gehoor hulle gesels eintlik oor jou en dan probeer agterkom wat sê hulle oor jou?

Die Bybel, afluister en gebed:

Ons kan so baie leer uit hoe en wat mense bid. As ons mense “afluister” as hulle met God praat leer ons so baie van hulle verhouding met God en ook met mense. Dink maar net aan die gebede van kinders.

Die Bybel het 'n magdom opgetekende gebede waar ons mense kan “afluister” as hulle bid en waaruit ons 'n paar geloofslesse kan leer. Van die bekendste gebede is as Jesus bid in Johannes 17, of in Getsémané, of wanneer Hy ons leer bid in Matteus 6.

Vandag kry ons juis so 'n voorreg om af te luister as Paulus bid vir die gemeente in Efese. Dit is die tweede gebed aan die

gemeente in Efese (die 1 ste gebed was in Efesiërs 1:15-23).

Paulus begin om met God te praat en hy leer ons om dié beginsel toe te pas:

Talk to God about people, before you talk to people about God.

Hy bid tot God Drie-enig (v14: die Vader, v16: die Gees en v17; Christus). Met nederigheid praat hy eers met God en dan beweeg hy van “teologie” na “knie-logie”. Nou tree hy knielend in vir die gemeente.

Hy vra onder andere:

- Dat Christus in hulle harte sal **woon**

Die beginsel is dat God verander van 'n gas tot 'n inwoner. Die “spelreëls” vir 'n gas en 'n inwoner is totaal verskillend.

- Dat hulle in liefde **gewortel** sal wees en
- Dat hulle in sy liefde **gegrondves** sal wees.

In die 1800 en 1900 het 'n mikroskopiese luis die wortels van wingerde begin opeet

en die luis se naam is phylloxera. Meer as 70% van die wingerde in Europa is verwoes. Wetenskaplikes het later 'n onderstok ontdek wat bestand was teen hierdie luis. Die gevolg is dat bitter min druiwestokke vandag op hulle eie onderstokke staan. Almal word ingeënt op 'n onderstok wat bestand is teen hierdie luis.

Ons moet ingeënt word op 'n **sonde bestande onderstok**. Paulus noem die onderstok in vers 17: "Dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees".

Dan volg die woord "mag" drie keer

1. **Mag** julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.
2. **Mag** julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en **mag** julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Vir Kleingroepe:

Ontmoet mekaar

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die week...

Ontmoet God

Laat een persoon 'n kers aansteek en probeer fokus hoekom julle as groep bymekaar is. Laat iemand 'n gebed doen.

Deel met mekaar

Laat iemand die teks lees uit Efesiërs 3:14-21.

- Gee geleentheid dat elkeen deel wat hulle in die gedeelte hoor en wat vir hulle uitstaan?
- Het jy al ooit iemand afgeluister wat oor jou praat?
- Het iemand jou al afgeluister toe jy oor hulle gepraat het?
- Deel met mekaar die gebeure en wat jy beleef het.
- Deel met mekaar wat julle hoor as ons afluister wat Paulus met God praat oor ons?

Bid saam

Draai 2/2 na mekaar en bid in kleiner groepies vir mekaar se persoonlike behoeftes.

Paulus bid dus dat as mense ons kom afluister, as die wêreld hulle ore teen ons harte kom druk dan sal hulle hoor hoe lief ons hulle het omdat ons begryp hoe diep God se liefde vir ons is.

Paulus sluit sy gebed dan af met lofprysing: ²⁰Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, ²¹aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

As ons vandag met ons oor teen die deur van God se hart gaan staan en Hom gaan afluister moet ons dit duidelik hoor as Hy sê: "Ek is baie lief vir jou en ek hoop jy sal in staat wees om te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep my liefde vir jou strek".